Openbaring Week 50: Eindig 13 Desember https://totueer.blog/52-weke/ **Die toekoms**

Dinge wat was (Op 1)	**Dinge wat is (Op 2-3)**	**Dinge wat sal kom (Op 4-22)**
Visioene van Christus		**Visioene van kommunikasie**
Johannes skryf die openbaring vanwaar hy uitgeband is op die eiland Patmos in ongeveer 90-95nC		

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	Op 2	Op 1-3
Di	Op 6	Op 4-7
Wo	Op 8	Op 8-11
Do	Op 12	Op 12-13
Vry	Op 16	Op 14-16
Sat	Op 18	Op 17-19
Son	Op 21	Op 20-22

19Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur. (Op 1:19)

Openbaring is ‘n apokaliptiese boek. Dit beteken om iets wat vroeër versluier was te onthul. Die tweede gedeelte van die boek Daniël, dele van Esegiël, Jesaja 24-27 en Markus 13 is ook apokalipties van aard. Die soort geskrifte het gewoonlik in krisistye ontstaan en bevat gewoonlike die belofte dat die goeie oor die kwade sal seëvier. Dit gebruik tekens, simbole, drome en visioene. Juis dit is waarom dit ook vir ons moeilik is om sonder verklarende inligting die boek te verstaan.

Openbaring stel die Christen, ja vir my en jou, gerus dat die vervolging nie vir ewig sal aanhou nie. Die draak sal uit die hemel neergegooi word (12:9) en die gelowiges (ek en jy) sal die oorwinning oor hom behaal (12:11). Uiteindelik sal hy en sy volgelinge in die vuurpoel gegooi word (19:20 en 20:10). God die Oppermagtige sal seëvier en die Kerk vir ewig bevestig (21:2).

Die boek is saamgestel deur sewe reekse van sewe visioene wat omarm word deur twee troon visoene. Kyk na die opsomming op die volgende bladsy. Die troonvisoene is die tema van die boek – die stryd tussen God en Satan waarin die oorwinningsgang op die pad na die voleinding met die finale oorwinning deur God geteken word. Die majesteit en die heerskappy van God oor alles en sy genade oor die gelowiges staan voorop. Behalwe die twee troonvisoene word daar ook tussen die ander visoene troonvisoene aangebied. Die sewe reekse van sewe visoene is parallel aan mekaar en dieselfde sryd en oorwinning word telkens uit ‘n ander gesigshoek gestel. Daar is wel telkens ‘n verdieping.

11Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog... 13Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: “Die Woord van God.” (Op 19)

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde

Openbaring: Sewe visioene van sewe

	Visioen 1	**Visioen 2**	**Visioen 3**	**Visioen 4**	**Visioen 5**	**Visioen 6**	**Visioen 7**
Sewe goue	EFESE Eerste liefde verlaat. (2:1-7)	SMIRNA Sinagoge van Satan. (2:8-11)	PERGAMUM Leer van Bileam. (2:12-17)	TIATIRA Volhard teenoor Isébel (2:18,19)	SARDIS Besoedelde klere (3:1-6)	FILADELFIA Geopende deur. (3:7-13)	LAODISEA Ryk, maar lou. (3:14-22)
Sewe seëls	Ruiter op wit perd, Christus (6:1-2)	Ruiter op roor perd - oorlog (6:2-4)	Ruiter op swart perd - honger (6:2-4)	Ruiter op vaal perd – dood (6:7-8)	Martelare in hemel (6:9-11)	Die natuur word getref (6:12-17)	Wierookbak van gebede (8:1-5)
Sewe trompett	Hael, vuur en bloed (8:6-7)	Derde van see word bloed (8:8-9)	Derde van riviere en water getref (8:10-11)	Derde van hemelliggame donker (8:12-13)	Onderaardse skag oopgemaak (9:1-11)	Engele by Eeufraatrivier losgelaat (9:13-21)	Stemme en in die hemel sing. (11:15-19)
Draak visioene	Draak wat die kind wou verslind (12:1-6)	Oorlog tussen Michael en die draak (12:7-2)	Die draak agtervolg die vrou (12:13-17)	Die dier uit die see (12:18-13:10)	Die dier uit die aarde (13:11-18)	Die vrou op die rug van die dier (17:6-14)	Die draak vir 1000 jaar gebind (20:1-10)
Bakke vol toorn	Die aarde getref (16:2)	Die see getref (16:3)	Riviere en water word bloed (16:4-7)	Die son word getref (16:8-9)	Die troon van die dier word getref (16:8-9)	Eufraatrivier droog op. Armageddon (16:12-16)	Babilon stort inmekaar (16:17-21)
Babel visioene	Babilon – die vrou met die goue beker (17:1-6)	Tien horings haat die sedelose vrou (17:12-18)	Babilon het geval (18:1-3)	Gaan uit haar uit (18:4-8)	Die weeklag deur drie kore (18:9-19)	Finale ondergang. Geen vreugde (18:21-24)	Oorwinning by haar ondergang (19:1-4)
Eind visioene	Die bruilof van die Lam (19:5-10)	Die Ruiter op die wit perd (19:11-16)	Die antichris en valse profeet word verslaan (19:17-21)	Die eindoordeel (20:11-15)	Nuwe hemel en aarde (21:1-8)	Nuwe Jerusalem (21:9-27)	Die troon met die rivier van die lewe (22:1-5)